Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Parashah 32: *Behar* (בהר) – Op die Berg

יהוה *het met Moshe gepraat op die berg Sinai en gesê*: Lev. 25:1– PWL[1].

Torah: Lev. 25:1 tot 26:2

Haftorah: Jer. 32: 6 tot 27

Hernieude Verbond: Luk. 4:16 tot 21**;** Matt. 19:21; 26:11; Mark. 10:21; 14:7; Luk. 14:13,21; Hand. 11:29; Jak. 2:5; Gal. 6:710; 1 Joh. 3:17; Jak. 1:9 tot 11; Jak. 5:1 tot 6; Matt. 5:3; 1 Kor. 7:21 tot 24.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 32 wat afgelaai kan word by: Parashah32Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

This has been my guiding principal in YHWH's Vineyard. Rather than redirecting our fleshly desires, let's allow them to be slain with Messiah. Rather than trying to "improve self", let's put self to death. For when we die to self, we live in Him – Anonymous.

Midrash (Torah Bespreking)

Hersiening

Ons is bykans aan die einde van die boek van Levitikus en daarom is dit gepas om hersiening te doen van die gebeure sedert Israel se bevryding uit Egipte en hoe dit ooreenstem met ons eie geloofslewe.

In Exodus het ons geleer hoe Israel van die Egiptiese slawejuk bevry is en hul onafhanklikheid as volk verkry het. Israel se vertroue in die geslagde lam en hul gehoorsaamheid tydens die eerste Pesag was hul bevryding!! Hierdie is 'n sinnebeeld van wedergeboorte (Joh. 3:5 en 16). As gelowiges in Yeshua as die Messias gedenk ons steeds Pesag, nie net as herinnering van Israel se bevryding van die slawejuk van Egipte nie, maar ook as herinnering van die ware Pesaglam wat op hierdie dag geslag was sodat ons van ons sondeskuld bevry kon word (Joh. 1:29 en 36; Kol. 2:14).

By Sinai het Israel eenparig ingestem om as verbondsvolk volgens YHVH se onderrig en instruksies, naamlik volgens Torah (die wet), as bevrydes (geregverdigdes) te lewe ten einde 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde (heilige) nasie vir YHVH te wees (Ex. 19:5 en 6). As wedegebore kinders van YHVH het ons ook 'n Sinai-ontmoeting gehad – 'n *Shavuot*

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

ervaring – waar Torah in ons verstand gegee is en op ons hart geskrywe is (Heb. 8:8 tot 11). Wedergeboorte is die onderneming wat jy en ek gee om afgesonder (heilig) en Torah-gehoorsaam te lewe! Met wedergeboorte word ons YHVH se 'eiendom' want ons is duur gekoop deur die kosbare bloed van Yeshua (1 Pet. 1:18 en 19)! YHVH heilig ons (sonder ons af; Lev. 20:8; Lev. 21:8) en ons moet nou met die hulp van die Afgesonder Gees leer om afgesonder te lewe, naamlik om te kan onderskei tussen rein en onrein, en tussen heilig en onheilig, en om dan daarvolgens te lewe.

Levitikus bevat YHVH se onderrig en instruksies aan die priesterdom en aan Israel hoe om as 'n bevryde en onafhanklike volk vernuwe te word tot 'n koninklike priesterdom en afgesonderde nasie. Die onderrig en instruksies in Levitikus is hoofsaaklik hoe om as priesters dienswerk in die tabernakel te verrig, asook hoe 'n ordelike samelewing as YHVH se volk moet funksioneer. Daarom is die onderrig en instruksies van Levitikus die basis hoe om as priesters van die Melgisedek[2] priesterorde te funksioneer. Ons is deel van 'n priesterorde wat sonder 'n tempel funksioneer, want ons is die tempel (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19) waar Yeshua as Hoofpriester ons Middelaar is.

*Hy wat dit nie was volgens die wet van opdragte, na die liggaamlike, nie, maar deur die krag van lewe wat nie vernietig word nie, want Hy getuig aangaande Hom: "U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," want daar was eers 'n verandering aan die orde weens die onvermoë daarvan en dat daar geen voordeel in was nie, want die geskrewe wet het niks tot sy einddoel gebring nie, maar 'n versekerde verwagting het in sy plek ingekom, waarin ons tot God nader, wat beter is as dit. Hy het dit aan ons bevestig deur 'n eed, want húlle was priesters sonder 'n eed, maar Hy met 'n eed, soos wat Hy, deur Dawid, van Hom gesê het: "*יהוה *het 'n eed gesweer en Hy sal nie lieg nie: U is nie-Levitiese Priester vir ewig volgens die beeld van Malki-Tzedek," waarvolgens Yeshua van 'n baie beter verbond die waarborg is. Hulle het priesters geword in groot getalle omdat hulle deur die dood verhinder is om voort te gaan, maar omdat Hy ewig is, gaan Sy nie-Levitiese Priesterskap nie verby nie en kan Hy ewige lewe gee aan hulle wat deur Hom naderkom na God toe, want Hy leef vir altyd en offer gebede in ons plek, want so 'n nie-Levitiese Hoofpriester is ook reg vir ons, rein, sonder boosheid, sonder ontering, wat afgesonderd is van sonde en wat hoër as die hemele opgelig is; wat nie nodig het, soos die vorige hoofpriesters, om elke dag vir Sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die mense nie, want Hy het dit eenmalig gedoen deur Sy lewe te offer, want die wet stel mense met swakhede as hoofpriesters aan, maar die boodskap van die eed, wat ná die wet is, stel die Seun aan, wat vir ewig die doel bereik.* Heb. 7:16 tot 28 – PWL.

Levitikus moet ook gesien word as YHVH se liefdevolle onderrig van hoe om al die beloftes van seëninge te ontvang. Gehoorsaamheid baan die weg om YHVH se seëninge deelagtig te wees!

Opsommend: Levitikus is die onderrig hoe om te kan onderskei tussen rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) en ook tussen afgesonder (heilig, *kadosh*) en nie afgesonder (onheilig, *chol*). YHVH ons Vader-God is volmaak *tahor* en volmaak *kadosh* en Hy vereis van elkeen van Sy priesters en Sy kinders presies dieselfde!!

Toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is YHVH julle God. Lev. 20:*7.*

....omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. 1Pet. 1:16.

[2] Koning van Geregtigheid. *Melek* (Koning) en *Tzadek* (Geregtidigheid). Melek-Tzadek .

Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is. Matt. 5:48.

Levitikus leer ons ook wat dit behels om die bruid van Yeshua te wees. Die Torah is die *ketubah,* die huwelikskontrak (verbondsooreenkoms) en dit is die onderneming van die Bruidegom om die bruid liefdevol te versorg en te beskerm. Dit is ook die onderneming van die bruid om haarself te onderwerp aan die Bruidegom.

Soos ons egter nou die einde van Levitikus bereik, is die dae van sit onder die *chupa* (wolkkolom) by Sinai, terwyl YHVH deur Moses die volk in Torah onderrig en hulle as bruid voorberei, vinnig besig om tot ‘n einde te kom. Binnekort sal Israel die tog na Kanaän moet voortsit. Die tyd het aangebreek dat die profesie van die Beloofde Land vervul moet word. Die landstreek wat YHVH aan Abraham by wyse van ‘n verbond belowe het, moet in besit geneem word!! Sal Israel dit wat hulle geleer het nou in die praktyk kan toepas?? Gaan ons dit wat ons ook tot op hede geleer het in ons alledaagse lewe toepas?

Ons is ook, soos Israel, op pad na die Beloofde Land. In ons reis deur die woestyn van hierdie lewe moet ons altyd die woorde van Jesaja 55:6 tot 12 onthou:

Soek יהוה terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die wettelose sy pad verlaat en die onopregte en partydige sy gedagtes en laat hom terugdraai na יהוה en Hy sal vir hom omgee; na ons God, want Hy sal oorvloedig vryspreek, want My gedagtes is nie julle gedagtes nie en julle manier is nie My manier nie," verklaar יהוה, want soos die hemel hoër is as die aarde, so is My metodes hoër as julle metodes en My gedagtes as julle gedagtes, [1]want soos die reën en die sneeu van die hemel afkom en nie daarheen terugkeer sonder om die aarde nat te maak en dit te laat voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter, nie, so sal My woord wees wat uit My mond uitgaan; dit sal nie leeg na My toe terugkom, sonder om te bereik wat Ek begeer en sonder om voorspoedig te wees in dit waarvoor Ek dit stuur, nie, want julle sal met vreugde uitgaan en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal uitbreek in uitroepe van vreugde voor julle en al die bome van die veld sal hande klap.

Priester en Dissipel

Ons reistog van die ontdekking van die volle openbaring van YHVH se geregtigheid is een van vertroue tot vertroue (Rom. 1:17) wat met wedergeboorte begin het. Die dag toe ons in ons hart geglo het en met ons mond bely het dat Yeshua die Messias is, het ons die geregtigheid van God in Yeshua geword (1 Kor. 5:21). Maar dit was slegs die begin van ons ontdekkingsreis van wat YHVH se geregtigheid behels.

Wedergeboorte is dan ook die dag toe YHVH ons geroep het en ons op sy roepstem geantwoord het. Ons kan dit vergelyk met die Hebreeuse naam van Levitikus, naamlik *Vayikra* wat afgelei is van Lev. 1:1 en wat lees: *YHVH het Moses geroep.....* Maar die begin van Moses se roeping was die dag toe die Engel van YHVH aan hom in ‘n vuurvlam uit ‘n doringbos verskyn het en vir hom gesê het: *Moses, Moses* en hy geantwoord het: *Hier is ek* (Ex. 3:2 tot 4). Dit was die begin van Moses se roeping as dienaar van die Allerhoogste! Moses het vir die res van sy lewe YHVH in die woestyn gedien, terwyl hy die volle openbaring van YHVH se geregtigheid ontvang het en verkondig het!

So het YHVH elkeen van ons geroep om Hom in die wildernis van hierdie lewe te dien. YHVH het ons elkeen geroep om ‘n koninklike priester te wees. Daarom skryf die Apostel Petrus dat ons ‘n koninklike priesterdom is:

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. 1 Pet.2:9 en 10.

Maar wie is 'n koninklike priester volgens die hernieude verbond?

Die antwoord is te vinde in wat ons geleer het aangaande die Levitiese priesterorde wat deur YHVH afgesonder was om in Sy Teenwoordigheid diens te doen. Opsommend was die taakomskrywing van die Levitiese priesters om YHVH se Koninkryk hier op aarde te vestig en om YHVH se geregtigheid te verkondig. Die Leviete moes hulle eie belange prysgee en in totale afhanklikheid van YHVH lewe. Ons het ook geleer dat YHVH se vereistes wat Hy aan die priesters gestel het veel meer was as dit wat van die res van Israel vereis was!

Dit bring ons terug na die vraag, naamlik: Wie is 'n koninklike priester volgens die hernieude verbond en dus volgens die orde van Melgisedek? Die antwoord is te vinde in die definisie van 'n dissipel!

Yeshua se beskrywing van 'n dissipel ('n studentevolgeling) vind ons Luk. 14:26 tot 33 toe Hy aan die menigte wat Hom gevolg het gesê het:

"As iemand na My toe kom en hy het nie sy vader, moeder, vrou, kinders, broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe minder lief nie, kan hy nie My studentevolgeling wees nie. Elkeen wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My studentevolgeling wees nie. Wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, of hy in staat is om dit te voltooi nie? Indien nie, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom begin spot en sê: 'Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.' Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning langs hom oorlog te maak, gaan nie eers oorweeg of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie? Indien nie, stuur hy afgevaardigdes terwyl die ander een nog ver is en vra vir vredesvoorwaardes. Net so kan ook niemand van julle, wat nie afsien van al sy besittings, My studentevolgeling wees nie (PWL).

'n Koninklike priester volgens die orde van Melgisedek is 'n dissipel van Yeshua!

Norman Willis (Nazerene Israel, http://www.nazareneisrael.org/) skryf in sy artikel *Definition: Disciple* die volgende: *The disciples were all good soldiers of Elohim. They placed their Commander and His mission to redeem fallen mankind ahead of any and all personal wants or needs. This is a key discipleship trait. However, there is even more to it than that. There is also an aspect of proving one's trust and faith in Elohim, by forsaking all trust in material possessions in the world. Notice how Yeshua told the rich young ruler that before he could enter the kingdom of Elohim, he had first to give up his possessions (as His disciples also had done).*

Deur die onverdiende guns in Yeshua kies YHVH dissipels wat Hy afsonder (heilig) om as koninklike priesters diens te doen. Die wat voldoen aan die vereistes van dissipel (priester) sal Vader-God toerus en bemagtig om Sy Koninkryk hier op aarde te vestig en om Sy geregtigheid te verkondig! YHVH sal hulle toerus en bemagtig deur die Afgesonderde Gees. Dit is wat op *Shavuot* gebeur het (Hand. 2:1 tot 13) toe YHVH se Torah in hulle verstand gegee was en op hulle hart geskryf was (Heb. 8:8 tot 11). Na aanleiding van hierdie gebeure lees ons in Ef. 4:11 tot 15 die volgende:

En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Die Gesalfde Een; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Die Gesalfde Een.

Die priesters (dissipels) van die Melgisedekorde het verskillende bedieninge. Daar is apostels, profete, herders, evangeliste en leraars. Kortliks is hulle taakomskrywing soos volg:

- Apostels se taak is om te organiseer en te koördineer, asook om uitspraak te lewer aangaande Torah.

- Profete gee ondersteuning, maar waarsku en bemoedig ook.

- Herders (Pastore) is verantwoordelik vir die versorging van die gemeente (Grieks: *ekklesia*; Aramees: *adat*; Hebreeus: *kahal / kehillat*), naamlik van die wat uitgeroep en afgesonder is deur YHVH en op gereelde basis bymekaar kom en saam as eenheid funksioneer om YHVH se Koninkryk te vestig.

- Evangeliste "werf" nuwe volgelinge.

- Leraars is verantwoordelik om nuwelinge, asook die gemeente te leer.

Die priesters (dissipels) word ook toegerus met die gawes van die Afgesonderde Gees soos ons lees in 1 Kor. 12:7 tot 11:

Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

Die 'organisasiestruktuur' en wyse van funksionering van die priesterorde van Melgisedek lyk dus soos volg:



Die Levitiese priesters was almal toegerus en bemagtig om hulle dienswerk in die tabernakel te verrig. Hulle ‘bedieninge’ het ook verskil, maar hulle was almal deel van een ‘liggaam’ wat ‘n gemeenskaplike doelwit gedeel het, naamlik, en soos reeds genoem, het hulle meegewerk om YHVH se Koninkryk te vestig en om YHVH se geregtigheid te verkondig.

Dieselfde is van toepassing op die priesterorde van Melgisedek. Elke priester (dissipel en apostel) word deur die Afgesonderde Gees toegerus en bemagtiging volgens Yeshua se belofte:

En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Joh. 14:16 en 17.

Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:25 en 26.

Die priesters (dissipels; apostels) van die orde van Melgisedek is ook een liggaam met ‘n gemeenskaplike doelwit, naamlik om YHVH se Koninkryk te vestig en om YHVH se geregtigheid te verkondig. Paulus verduidelik dit soos volg:

want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook met Die Gesalfde Een, want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink, want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie. As die voet sou sê: ‘Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie’, is hy daarom nie deel van die liggaam nie? As die oor sou sê:’ Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie’, is hy daarom nie deel van die liggaam nie? As die hele liggaam ’n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees? Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil. As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees? Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam. Die oog kan nie vir die hand sê: ‘Ek het jou nie nodig nie;’ of ook die kop vir die voete: ‘Ek het julle nie nodig nie,’ maar veel eerder is dié ledemate van die liggaam, wat as swak beskou word, noodsaaklik en dié ledemate van die liggaam wat ons dink skandelik is, gee ons oorvloediger waarde en die minder mooi, oorvloediger elegansie terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate dieselfde vir mekaar mag omgee. Nou, as een ledemaat ly, sal almal die pyn deel en as een ledemaat hom verheug, verheug al die ledemate hulle saam, maar julle is die liggaam van Die Gesalfde Een en ledemate op julle plekke. 1 Kor 12:12 tot 27 – PWL.

YHVH het ons gekies om sy dissipels te wees wat as priesters diens sal doen tot Yeshua weer sal kom! ‘n Dissipel en apostel is ‘n priester volgens die orde van Melgisedek! Is jy ‘n dissipel en priester van Yeshua ons ewige Hoofpriester volgens die orde van Melgisedek, of is jy slegs ‘n volgeling? Daar is wel ‘n verskil!

In die verband moet ons onthou:

If YHVH ever commanded us to do something that He was unable to equip us to accomplish, He would be a liar. And if we make our own inability a stumbling block or an excuse not to be obedient, it means that we are telling God that there is something which He has not yet taken into account – Oswald Chambers.

Bepeins of Bespreek:

1. Die hele Israel het die wolkkolom in die woestyn gevolg, maar slegs ‘n ‘klein groepie’ was priesters. So het baie vir Yeshua gevolg, maar slegs ‘n klein groepie was Sy dissipels! Wat is die verskil tussen ‘n volgeling van Yeshua en ‘n dissipel? ‘n Dissipel lê sy lewe af vir Yeshua, maar ‘n volgeling voeg Yeshua by sy lewe! ‘n Dissipel gee alles en ‘n volgeling wil alles ontvang!

2. Wag jy dat die derde tempel gebou moet word en die Levitiese priesterorde weer ingestel moet word? Indien jou antwoord hierop ‘ja’ is, beveel ek aan dat jy die artikel van Daniel John Lee met die titel: *The False and True Temples* lees.
   Hierdie artikel kan afgelaai word by http://www.spiritandtorah.com/-luciferian-illuminati-ephraimite-judah-deception.html

3. Onder die hernieude verbond soek YHVH nie net volgelinge nie! Nee, want die opdrag van Yeshua was om dissipels te gaan maak (Matt. 28:19)!

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.